

## BORDUURWERK: Nuwe studie onderwerp - Lintborduurwerk



Voorkoms 60%

Werksgehalte 40%

### Vereistes:

Lintborduurwerk op 'n groetekaartjie of klein muurbehangsel in 'n montering.

Maksimum grootte: A5 (helfte van A4 foliovel) maw. die voltooide artikel is ongeveer 210 mm x150 mm (315 vierkante cm vir ronde of ovaal vorm)

### Ontwerp:

Blomme is die mees gewilde ontwerp. Ander suksesvolle moontlikhede isbv. groente, vrugte, diere ens.

### Werkswyse:

As agtergrondmateriaal kan sy, katoen, linne of wol wat nie te styf geweef is nie, gebruik word.

Hoofsaaklik sylint in 2 mm, 3.5 mm of 7 mm breedtes word gebruik tesame met sier-sylint of organzalint en borduurdraad.

Kroelnaalde, chenillenaalde en tapperienenaalde word aanbeveel.

Borduursteke soos ketting-, stam-, agter-, kombers-, satyn-, weef-, kort en langsteke, boeljonknoopsteek en Franse knoopsteek asook oplegwerk (couching), legwerk (laid work) en spinnekopvulling is tipies van lintborduurwerk. Ander moontlike steke is vlieg-, split-, verhewe ketting-, gekrieldde ketting-, Peking-, Romeinse vul-, verhewe stam- en picotsteke.

### Kenmerke:

Lintborduurwerk word duidelik uitgeken aan die gebruik van HOOFSAAKLIK LINT om ontwerpdele uit te beeld. Die lintsteke word afgerond deur van fyn bykomende borduursteke gebruik te maak in wol-, sy- of borduurdraad.

Waak teen die gebruik van gevoude lintrosies en borduur liefs die blommetjies.

### Wenke:

Vir hierdie klein studieonderwerp sal enkel blomme, 'n blomrits of 'n gerfie blomme baie geskik wees.

Borduurwerk word nie met glas bedek nie.

## EMBROIDERY: New study subject- Ribbon embroidery

Appearance 60%

Workmanship 40%

### Requirements:

Greeting card or small wall hanging in a mounting, done in Ribbon embroidery.

Maximum size: A5 (half of a folio sheet) i.e. the completed article is approximately 210 mm x150 mm (315 cm sq. for round or oval shape).

### Design:

Flowers are the most popular designs. Other suitable possibilities are vegetables, fruit, animals etc.

### Workmanship:

Silk, cotton, linen and woollen materials not woven too tightly or too loose, can be used as background. Silk ribbon of 2 mm, 3.5 mm and 7 mm broad is used as well as other fancy silk- or organza ribbons and embroidery thread.

Crewel needles, chenille needles and tapestry needles are recommended.

Embroidery stitches such as chain-, stem-, back-, blanket-, satin-, woven-, short and long stitches, bullion knots and French knots as well as couching, laid work and spider filling are typical for ribbon embroidery. Other possible stitches are fly-, split-, raised chain-, whipped chain-, Peking-, Roman filling-, raised stem-, and picot stitches.

Characteristics:

The most obvious feature of ribbon embroidery is that MAINLY ribbons are used to portray the parts of the design. The ribbon stitches are complemented with dainty additional stitches in wool, silk or embroidery thread. Guard against the use of folded roses and rather embroider the flowers.

Hints:

For this small study object, single flowers, a spray of flowers or a posy is recommended. Embroidery may not be covered by glass.